Woensdag **16 Oktober**

**Skrifgedeelte: 1 Konings 19:1-21**

**Fokusgedeelte: 1 Konings 19:14, 18**

**By moedeloosheid – gaan dit om sukses of seën?**

Ons leef in ’n suksesgedrewe samelewing. Jy móét slaag en iets bereik …! Arme Elia – juis toe hy gedink het dat hy sukses behaal het, tuimel alles inmekaar. Soos ’n boef vlug hy vir sy lewe. Al sy werk onder die volk van God, sy moed voor die goddelose Agab, sy geloofsvoorbeeld, sy gebede, sy geloof was tevergeefs! “Ek het baie geywer vir die HERE … ék het alleen oorgebly … hulle soek mý lewe …” Misluk! “… die kinders van Israel het ú verbond verlaat, ú altare afgebreek en ú profete … gedood …” Ek én u … het misluk!

Die Bybel is vol van sulke mislukkings: Adam, Eva, Jakob, Petrus. En Christus aan die kruis … morsdood!? En jou en my lewe – vol van mislukkings, nè?! Die goeie wat ek wil, doen ek nie; en die kwade wat ek nie wil nie, doen ek wél … (Rom. 7:15-24).

Vir die moedelose Elia sê die HERE: Dink ’n bietjie weer! Ek het ’n groter plan as jou korttermyn sukses-idee. Ek maak deur verdrukking, benoudheid en mislukkings heen vir My ’n volk bymekaar wat volhard in die geloof. “Ek sal seweduisend in Israel laat oorbly wat nie vir Baäl aanbid het nie” (vs 18). Die gelouterde oorblyfsel uit alle volke en tye sal die Nuwe Jerusalem beërwe. Dit gaan nie om jóú sukses nie, maar om God se seën!

Het jy al só na jóú lewe en mislukkings gekyk? Wou God jou nie miskien daardeur seën, jou daardeur louter om jou óók deel van daardie volk van Hóm te maak nie? Hulle roep: “Hosanna!”, en ’n week later: “Kruisig Hom!” Jesus sterf vernederend aan ’n vloekhout! Geen sukses vir Jesus nie – menslik gesproke ’n mislukking? Maar tog, sý kruis was die grootste seën ooit! Ook vir jou. Die “mislukking” van die kruis bring Jesus uit by die sukses van die opstanding en die ewige lewe.

Vir die moedelose Elia (en vir jou) sê die HERE: Daar is werk vir jou in my koninkryk! “Gaan salf vir …” (vs 15-18). Volhard in die beproewinge en in die geloof. God is op pad na Sion. Jou swaarkry in die geloof is vir jou wins in Christus!

*Sing: Psalm 42-1:1, 5, 7*

*Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)*